# Hoe leef ek 'n *goeie* en *mooi* lewe?



Die reeks gebruik ons die Bergrede (Matteus 5-7) as ons teks. Jy kan gerus weer lees hoe **Jesus Sy dissipels onderrig het om 'n goeie en mooi lewe o.l.v. die Heilige Gees te ontwikkel.** Ons ontdek saam om toe te laat dat Jesus ons lewe ook mooi vorm.

**Die reeks is dus gerig op jou hart, die sentrum van jou lewe wat uiting vind in jou woorde, gedagtes en dade.** Dit manifesteer in jou karakter. Hierdie reeks is **praktiese geestelike vorming = karaktervorming**, en Jesus se wyshede word deur die Gees in ons lewe ingeweef! Dan is daar ook 'n geestelike dissipline, wat ons by elke wysheid inoefen.

## LEERPLAN

### Die mooi en goeie lewe - Ons leer om te lewe sonder om te lieg!

- Deel gou met mekaar wat jy kortliks van **woede** en **wellus** onthou.
- Vertel hoe jy die twee geestelike dissiplines kon baasraak, aldan nie: sabbat en media onthouding.
- Lees nou die teks in **Matteus 5:33-37** en deel dit wat jou getref het, en praat sommer oor Sondag se preek.

  *"Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: 'Jy mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in die Naam van die Here moet jy nakom.' Maar Ek sê vir julle: Moet glad nie 'n eed aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is die troon van God; nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning. Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie. Laat julle 'ja' eenvoudig 'ja' wees en julle 'nee', 'nee'. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose."*

- Die Jode het 'n eed afgelê by die hemel, aarde, Jerusalem, op jou eie kop en in die Naam van die Here. **Kan jy uit die preek onthou wat dit beteken het?**
- Net die eed in die Naam van die Here is as bindend beskou. 'n Eed is om te sweer dat wat jy sê waar en betroubaar is. Jesus kom sê dat al ons gepraat, onder alle omstandighede, waar en eg moet wees. M.a.w. geen leuens en lieg pas by iemand wat Jesus waarlik volg nie. **Is dit moontlik?**
- Dink na oor jou lewe, **wat het jou by tye laat jok?** Waarmee moes dit jou help?
- "Almal van ons jok, vertel wit leuens, dis mos menslik" Praat oor hierdie stelling.
- Lees ook die volgende verse: Joh 8:44, Jak 5:12, Ef 4:25 en 29, Kol 3:9 en Eseg 33:11. **Wat hoor jy?** Jou woorde is soos 'n spinnerak - Bespreek
- Die geestelike dissipline die week is: **stilte** As ons min praat kan ons nie jok of skinder nie, wat nog van seermaak. Probeer om 'n dag lank niks te praat nie! As jy nie hiervoor kans sien nie, oefen om vir een dag geen leuens te vertel nie!
- Lees ons **identiteitsverklaring** en vra dat die Heilige Gees jou sal help met die beheer van jou tong!



# Identiteitsverklaring

Daar het iets met ons gebeur!
Ons is geliefde kinders in wie Christus woon
Ons is anders
Ons het 'n ander Storie
Ons lees 'n ander Boek
Ons het ander waardes -
Want ons is dissipels van Jesus die Here!
Ons leer om eerstehands saam met Hom te lewe
Ons laat Jesus toe om ons deur Sy Gees te vorm:
Daarom oefen ons, om ons vyande lief te hê
en ons bid vir hulle
Ons ja is ons ja en ons nee is ons nee
Ons oefen om onsself en ander te vergewe
Ons veroordeel nie mense nie, maar gee vir alle mense om.
Ons bly oefen om alles in die
Naam van Jesus, te doen en te sê
Ons gaan eerlik om met ons eie pyn en gebrokenheid
Ons leef as sout en lig in die wêreld -
Want ons toekoms het reeds begin!